# Doen aansoek vir Die Vlakte-beurs

## Voormalige inwoners en afstammelinge van inwoners van “Die Vlakte” in Stellenbosch word genooi om aansoek te doen vir Die Vlakte-beurs om aan die Universiteit Stellenbosch (US) te studeer.














FOTO'S: US ARGIEF; HILTON BISCOMBE: 2006.

Die Vlakte was ’n woonbuurt teenaan die middedorp van Stellenbosch in die gebied tussen Muller-, Bird- en Joubertstrate en Merrimanlaan. Dit was hoofsaaklik bewoon deur bruin mense wat in die 1960s volgens die Groepsgebiedewet verskuif is. Prof Wim de Villiers, US-Rektor en Visekanselier, het in sy inhuldigingsrede vroeër vanjaar die beursfonds aangekondig as ’n vorm van regstelling vir oud-inwoners, hul kinders en kleinkinders.

**Kriteria en bepalings**

- ’n Maksimum van 5 studiebeurse word per jaar toegeken aan persone wat self op Die Vlakte gewoon het, asook aan hulle kinders en kleinkinders.
- Huidige en voornemende studente, wie vir ’n voorgraadse of ’n eerste nagraadse program registreer, kan aansoek doen. (Beurse kan ongelukkig nie terugwerkend toegeken word nie.)
- Die beurs dek basiese klasgeld vir die minimum duur van die student se program.
- Suksesvolle akademiese vordering is ’n voorvereiste vir voortsetting van die beurs – op voorgraadse en nagraadse vlak.
- Aansoeke sluit op 5 Desember.

**Meer inligting:**

Skakel met die US se Voorgraadse Beurse en Leningskantoor, tel 021 808 9111, e-pos info@sun.ac.za vir volledige inligting, bepalings en aansoekvorms.

UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY